HANDSKRIF AAN DIE MUUR

Dankie, meneer.

2 Mag maar sit. Broer Joseph is net lief vir my. Hierdie was ’n groot dag vir my. En ek het baie van die goeie mense hier in hierdie groot stad ontmoet. En . . .

[Broer Joseph Mattson-Boze verstel die mikrofoon—Red.] (Dankie. Nee, dis alles reg.)

3 En ek was in ’n restaurant besig om te eet vandag, en ’n dame het gekom, en sy het gesê: “Hierdie is die, my geleentheid om jou hand te kan skud, Broer Branham.” En sy het my aan haar man voorgestel, en sy het gesê: “Ek het beslis daardie boodskap gisteraand geniet.” Ek weet hulle glo in genade, of het my lief, of iets hier van dit alles.

4 En die dame het my na haar huis toe genooi vir middagete. Ek hoop sy’s hier vanaand. Suster, ek—ek waardeer dit beslis baie, en, om te sien dat—dat jy liefde in die harte gehad het om my na jou huis toe te nooi, dis baie gaaf.

5 Ek wil sê dat al die boodskappe op bandopname is. My goeie vriend hier en medewerker, Mnr. Gene Goad en Mnr. Leo Mercier, hulle is die bandopname kêrels van die dienste, wat hulle hier het, en hulle is by die konsessiestalletjie, of die boekstalletjie, liewer, met die foto’s van die Engel van die Here. Partymaal wanneer jy nie genesingsdienste hou nie, kondig ons nie daardie te veel aan nie, julle sien, maar hulle is daar vir diegene wat hulle wil hê, die boeke en die foto’s, ensovoorts.

6 Nou, dis my voorreg vanaand om weer hier te wees en om met julle te praat uit Sy Woord, Sy kosbare Heilige Woord. En ek het gedink van gisteraand af, om te probeer sê hoe ver agter die kerk geraak het, het ek gedink ek sou vanaand probeer verduidelik op my manier om dit te doen, hoe naby die Koms van die Here is. En my doel met hierdie boodskappe is om die Kerk wakker te maak, dat ons gereed moet wees wanneer Hy ook al kom, dis die hoofsaak. En dit . . . Maak nie saak waar of watter tyd Hy kom nie, laat ons gereed wees, is die hoofsaak.

7 Julle weet daar was maagde wat uitgegaan het om Hom te ontmoet, en vyf was steeds maagde, maar was dwase maagde wat nie Olie in hulle lampe gehou het nie, en hoewel hulle maagde was, net soos die ander, is hulle nie toegelaat by die Bruilofsmaal nie. So ver is dit van enige mense hier vanaand om ingesluit te word, sodat hulle uitgesluit sou word, uit die teenwoordigheid van die Here, ingesluit in daardie groep van die maagde met geen Olie in hulle lampe nie.

8 En ek was . . . Billy bly my vertel dat baie mense hom vra oor gebedskaartjies, om vir die siekes te bid. Wel, ek veronderstel in elke diens bid hulle vir die siekes. En net om laat te wees vanaand, was daar predikers wat ’n paar siekes hier aan die agterkant laat lê het om voor gebid te word toe ek ingekom het.

9 Nou, ek het net gedink dit was net om in die aand te preek is al wat ek moes doen, ek het nie geweet ek moes ook vir die siekes bid nie. Maar, as die mense my versoek om vir die siekes te bid, wel, sal ek—ek dit graag doen. Sien, dis net . . . Ek weet nie. Ek het net daaraan gedink dat hierdie ’n konvensie is en net om te preek as die aandspreker. Maar julle kan vir julle raad, of direkteure, vra, of wat dit ook al is, ons sal—ons sal vir die siekes bid as dit is, as julle wil hê dit moet gedoen word.

10 Nou, vanaand wil ek graag lees uit die Boek van Daniël vanaand, maar voor ons dit doen, laat ons ons hoofde net ’n oomblik buig vir ’n woord van gebed.

11 O Groot en Ewige God, Wat weer die Here Jesus uit die dood gebring het, die Groot Herder van die kudde, en Hom opgewek het uit die dood en Hy lewendig is vanaand, om saam met ons en in ons te lewe, ons lewe te verkwik, dat ons opreg kan wandel, nugter en regverdig in hierdie huidige dag en geslag, as geskrewe briewe, gelees deur alle mense, en ons bid, God, dat U Sy Teenwoordigheid so grootliks onder ons sal stuur vanaand, dat as daar miskien sondaars in ons midde is, dat hulle hulle vir hulleself sal skaam, om Sy genade en barmhartigheid te weier wat so genadiglik vir hulle gegee is, dat hulle vanaand mag kom en Hom aanvaar as hulle eie persoonlike Verlosser.

12 Ons wil vanaand vra, Here, dat U U kerk sal skud soos nog nooit tevore nie, dat ons die uur mag ken waarin ons lewe, want waarlik in gisteraand se voorlesing vind ons dat hierdie kerktydperk ’n louwarm een sou wees, net in die wêreld sou begin inkom, en die—die rankplant van formalisme wat om die kerk groei en die geestelike Lewe van die kerk uitdruk, so, God, stuur vanaand die sekel en die skoffelpik in, en sny al die onkruid uit wat die kerk versmoor. Al die groot geestelike seëninge van die Kerk wat Dit verdien, en wat Jesus gesterf het dat Dit kan ontvang, mag dit honderdvoudig kom vanaand, ’n groot uitstorting van Sy seëninge op die mense, soos ons eerbiedig wag, Here.

13 En soos ons U Woord oopmaak, in die wete dat Dit die Woord van die Lewe is, en Dit God Self is wat geskilder is op ’n bladsy, sou ons vra dat U die Gees sou stuur na die hart van U dienskneg, Here, en ’n konteks kry wat net gepas sal wees vir hierdie uur. Hoor die gebed van U dienaars, Here, soos ons saam bid, in die Naam van die Here Jesus, en tot Sy eer. Amen.

14 Daniël 5:25:

. . . dit is die skrif wat geskrywe is, MENÈ, MENÈ, TEKÈL, UFARSÍN.

15 Ons staan voor iets. Daar is geen twyfel in enige hart hier, dat daar nie iets is wat gereedmaak om te gebeur nie. En as Christene en die horlosie, wat die wêreld nie die antwoord vir hierdie dag het nie. . . Wetenskap het nie die antwoord vir hierdie dag nie. En die jammerlikste ding, en deel daarvan, die kerk het dit nie, wanneer ons die plek behoort te wees waar mense kan kom en hierdie dinge kry, maar ons het weggedryf.

16 Nou, in elke tydperk by die kruispad van elke tydperk, was daar altyd waarskuwings voor oordeel, en as mense waarskuwings verontagsaam, is daar niks oor behalwe oordeel nie. Daar's net twee dinge: genade en oordeel. En wanneer jy genade verwerp, moet oordeel outomaties kom.

17 En enigiemand kan in die strate kyk, en die koerante lees, en na die—die radio luister, en ons is almal bewus dat iets verkeerd is. En omdat dit verkeerd is, los God se Bybel ons nooit sonder die antwoord vir hierdie dinge nie. En om die toestand te sien waarin ons volk beland het, weet ons dat daar niks oor kan wees behalwe oordeel vir ons nie. En ek sê hierdie stelling sonder enige verskoning: As God die Verenigde State van Amerika, ons pragtige land en tuiste, laat wegkom sonder oordeel, sal Hy verplig wees om Sodom en Gomorra weer op te rig en om verskoning te vra dat hulle verbrand is, dis reg, want ons is skuldig aan dieselfde sondes.

18 God het sondaars lief, maar haat sy sonde. En so julle sien, God moet elke keer dieselfde optree. Hy kan nie op een manier optree op 'n sekere tyd, en daardie selfde soort krisis opkom, moet Sy optrede met die eerste op dieselfde manier wees met die tweede, of Hy het verkeerd opgetree toe Hy in die eerste plek opgetree het.

19 Ons is sterflinge, en ons is—ons is eindige verstand, en Hy's oneindig, daarom word ons slimmer en meer geleerd soos die dae aangaan, en die geslagte opstaan en val, maar God was volmaak van die begin af, Hy raak nie slimmer nie, want Hy was oneindig. En dan as die oneindige God op die toneel geroep is om op te tree, en die manier wat Hy die eerste keer opgetree het, sal dit elke keer Sy besluit moet wees wanneer dieselfde krisis ontstaan.

20 Daarom, as 'n man 'n sondaar was, en God is op die toneel geroep deur die sondaar om hom te red en God het genade gehad en daardie sondaar gered, die volgende sondaar wat kom, moet Hy hom red, of Hy het verkeerd gedoen toe Hy die eerste sondaar gered het.

21 En toe 'n siek man na God toe gekom het vir genade, en God daardie siek man genesing vir sy liggaam gegee het, wanneer die tweede siek man kom, moet Hy dieselfde gee, of Hy het verkeerd opgetree toe Hy die eerste man genesing gegee het.

22 So as sonde deur God ge-oordeel moes word, en Hy oordeel uitgespreek het as gevolg van sonde, wanneer daardie sonde weer opkom, moet Hy dit weer oordeel, of Hy het verkeerd gedoen deur dit in die eerste plek te oordeel. So, toe Sodom en Gomorra en hulle sondes so geoordeel is, dan as Amerika dieselfde sondes pleeg, moet God hierdie volk dieselfde oordeel gee, of Hy het verkeerd gedoen toe Hy Sodom ge-oordeel het.

23 En by die kruispad van elke tydperk. . . Ons het verskeie kruispaaie van tyd gehad, wanneer tyd uitloop, vervaag die mens se vermoë. En soos ons sou oplet, in die sondvloed vernietiging. . . Nou, ek wil net 'n bietjie agtergrond gee vir wat ek vir julle wil bring. In die wêreld voor die sondvloed, na Kain en Abel, en toe is Set opgerig om Abel se plek in te neem, wat die dood, begrafnis en opstanding van die Here Jesus, die regverdige Een, verteenwoordig, die mens het begin ontspring uit hierdie twee seuns.

24 En as julle sal oplet, die mens het wys en slim geword, maar die skranderheid het nooit deur Set se kant gekom nie. Al die wetenskaplikes, en die slim, en intelligente, en geleerde manne het deur die kant—die kant van Kain gekom, want hulle het geëet van die boom van kennis, natuurlik, maar, van goed en kwaad, maar die ander kant was 'n nederige kant.

25 En toe het dit gekom by 'n plek waar die wêreld vol groot wetenskaplikes was, en boos geword het, tog godsdienstig. En daar het 'n kruispad van tyd gekom dat God die sonde moes oordeel. En toe Hy het, voor Sy oordeel voltrek was, het Hy profete, engele, bonatuurlik gestuur, groot tekens en wonders, en toe vernietiging.

26 En by die uitkom van die kinders van Israel, het die kerk afgekoel, hulle het afgegaan daarnatoe om meesters van Egipte te wees, ensovoorts. En daar het profete, Engele, boodskappe, bonatuurlik, en oordeel op die toneel verskyn vir Egipte.

27 In die dae van die koms van die Here Jesus, het die kerk weer afgekoel, en daar het sonde in die kerk ingekom, toe het daar 'n Engel gekom en aan Sagaria verskyn, 'n profeet het op die toneel verskyn, toe is die bonatuurlike gedoen, toe oordeel vir Israel, en is sy verstrooi na die vier winde van die wêreld.

28 En my mees geliefde vriende, ons is by nog 'n kruispad. Ons het vyftienhonderd jaar van donker eeue in Katolisisme gehad, Martin Luther het gekom, afgekoel; Wesley het gekom, afgekoel; en die Baptiste het gekom, en afgekoel; en Pinkster het gekom, afgekoel, of, dit het nooit begin afkoel nie, dit het louwarm geword.

29 En, maar net voor hierdie groot afkoeling of louwarmheid van die Pinksterkerk, het daar weer die bonatuurlike, en profete, en groot boodskappe op die toneel verskyn, en die genesing van die siekes, en die opwekking van die dooies, dis God se padwyser:

Ons is aan die eindtyd. En die kerk is louwarm, net aan die afkoel en weggaan, dit moet so wees, God het gesê dit sou so wees. Maar die waarskuwing is om: "Hy wat ore het om te hoor, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeentes sê."

30 Nou, ons onderwerp begin vanaand by een van hierdie kruispaaie. En dit was . . . Ons toneel maak oop in Babilon. En Babilon verskyn in die eerste van die Bybel, dit verskyn in die middel van die Bybel, en dit verskyn in die laaste van die Bybel. Nou, daar's nou niks op aarde, behalwe wat altyd was nie, dit het uit Génesis gekom, elke *isme*. As julle sal teruggaan en goed bestudeer, sal julle vind dat elke *isme* op die aarde vandag begin het in Génesis, want dit beteken "die begin, die saad." En al die sonde wat julle op die aarde sien vandag, het in Génesis begin.

31 En ek wil vir julle iets vra: Wat is sonde? *Sonde* is verdraaide geregtigheid. Het julle al ooit daaraan gedink? Julle getroude mans wat vroue het, en jy lewe saam met jou vrou, sy is jou vrou, en sy is net so rein en heilig as wat sy was voor jy met haar getrou het in die oë van God as julle wettig getroud is. Maar dieselfde daad met 'n ander vrou, sou regverdigheid verdraai na ongeregtigheid, wat jou siel sou verdoem na die hel omdat jy dit gedoen het, steeds dieselfde daad. Alle ongeregtigheid is verdraaide geregtigheid; siekte is verdraaide gesondheid, dood is verdraaide lewe. Alles wat is, was.

32 En nou, Babilon wat in die eerste van die Bybel verskyn, in die middel van die Bybel, en in die laaste van die Bybel, dit betaam ons om Babilon soort van te bestudeer. Die eerste, is dit gebou deur Nimrod, wat die seun van Gam was. En dit was 'n groot stad, en al die omringende stede het belasting betaal aan hierdie groot stad. En dit was soos 'n groot organisasie waaraan al die res van die kerke belasting betaal het aan hierdie een groot leierskap, hoofskap. En dit is gestig in die—die vallei van Sinar, wat een van die valleie was, een van die grootste, rykste plekke in die bekende wêreld van daardie dag, en die Eufraatrivier . . . Tigris, het daar bo-oor gegaan, en die Eufraat het regdeur die vallei gegaan. En hierdie inligting kan gekry word van Hislop se *Twee Babilons* en baie van die antieke skrywers.

33 En soos ons oplet, is dit gebou vir die doel om oorheersend te wees, te regeer. God het nooit bedoel dat enige stad of enige mens oor die ander sou regeer nie, ons is almal dieselfde skepsels van God, gemaak na Sy beeld en na Sy gelykenis.

34 En hierdie groot stad is gebou, kom ons kyk daarna, dit was 'n honderd-en-twintig myl om hierdie stad, en die mure van hierdie stad was tagtig voet breed oor die muur. Jy kon 'n strydwa-wedren om daardie muur jaag, net so vinnig as wat 'n perd kon galop. En elke straat in die stad was tweehonderd voet breed; nou, in daardie dae het die stede baie klein straatjies gehad.

35 Ek was in die meeste van die wêreld, en party van daardie ou stede, soos in Noorweë ensovoorts, hulle, die stede is so klein, dat, wel, hulle kan nie eens 'n outomobiel deur die straat kry nie, want dit was 'n koets wat deur die straat gegaan het. Maar in daardie stede, strate van Babilon, was hulle amper so breed soos hierdie ouditorium, en baie strydwaens kon afkom. En as ons oplet, soos die strydwaens gekom het, en elke stad. . . elke poort het oopgemaak, en hulle het reguit na die paleis gelei, wat in die middel van die stad gestaan het.

36 Ek is daaraan herinner nie lank gelede nie, toe ek in Rome was, elke pad lei na Rome, elke straat, lyk dit, lei na die Vatikaan. In plaas van 'n mylpaal te hê, het hulle die maagd wat die Christus-kind vashou wat na die stad wys.

37 Maar die hele stad, die strate het reguit na die paleis gelei. En voor die paleis was daar groot trappe wat afgeloop het, en die Eufraatrivier het deur die stad gekom reg voor die paleis.

38 En in hierdie groot stad was daar groot mure en groot poorte wat van soliede koper gemaak is, 'n honderd voet hoog. En ek wil hê julle moet oplet, hangende tuine reg langs daardie mure af, en die stad in die—die stad, in die middel daarvan het die paleis gehad, en die Eufraatrivier wat verbyloop, net die patroon van die Hemel.

39 Wat was dit? Dis 'n verdraaide hemel wat ontwerp is deur die duiwel, en is eers die Poorte van die Paradys genoem, en is later Verwarring genoem, wat beteken: "afvallig." Sien, dis die duiwel wat die hele wêreld probeer verenig onder een groot kerkhoof, hulle het dit nog altyd probeer, en hulle wys dit baie duidelik vandag.

40 En in hierdie stad het hulle die grootste leër gehad, hulle het die beste materiaal gehad wat verkry kon word uit die hele wêreld, is na hulle toe gebring, en die hele wêreld het belasting aan hierdie stad betaal. En toe in so 'n plek soos daardie, alles agter mure, hoe veilig het hulle nie gevoel nie! Die beste wetenskaplikes, die beste brein wat hulle gehad het, die beste strydwaens, die beste perde, die bes-geklede soldate, meer om te eet, die bes-geklede mense, en was veilig agter sulke mure.

41 Is dit nie die mooiste prentjie van hierdie land, met die beste wat gekry kon word, en die beste wetenskaplike wat gekry kon word, die bes-geklede leër wat daar is nie?

42 Maar toe, toe hulle agter hierdie mure gekom het, het hulle gedink hulle kan net op enige manier lewe wat hulle wil, en sou reg wees omdat hulle veilig was.

43 En dit was die gesindheid van ons mense in hierdie land, dat omdat ons die beste en die grootste en die magtigste weermag het, en die beste gewere en die beste masjienerie, en die beste kos, en die beste alles, het ons gevoel asof ons veilig was. Maar onthou, die God van die Hemel kan nie uitgesluit word met enige

soort muur nie, of dit nou ’n natuurlike muur of ’n kerkmuur is, God kyk af uit die Hemele, en daar’s niks waarvan Hy nie weet, of nie van die begin af geweet het dat dit so sou wees nie, Hy’s die oneindige God. En wanneer mense dink hulle is veilig, dan begin sonde.

44 As daar dalk, diegene hier sou wees vanaand wat Switsers is, sou ek nie julle gevoelens wou seermaak nie, maar ek het net onlangs van Switserland af gekom. En o, jy praat van ’n klomp onafhanklikes! Hulle is. Hulle het vir honderde jare nie ’n oorlog gehad nie, hulle het niks om voor te veg nie, so hulle is net baie ongevoelig, as julle die straatuitdrukking sal verskoon, soort van verwaand.

45 En wanneer dit Sondagoggend word, sou julle dink die Millennium was aan die gang, van al die ontheiligende aanganery, klokke wat lui, en klokkies wat lui, totdat jy jouself skaars op straat kon hoor praat. En die ergste kritici teen die Here Jesus wat ek ooit teëgekom het. Hoekom? Hulle voel asof “Daar niks is wat ons kan pla nie.”

46 Ek het die grens oorgesteek na Duitsland, broer, ek bedoel, daar was ’n ander volk, heeltemal. Hulle moes onder geboue skuil, hulle is in die strate verbrand. Hulle weet wat oorlog beteken het, hulle het geweet wat dit was om vertroue in God te hê, toe ’n skurk soos Hitler hulle gelei het in daardie soort plek, en baie van daardie regte, egte Christene in Duitsland moes bid vir elke mondvol kos wat hulle gekry het. Vervolging maak die Kerk sterk. En God sal eendag hierdie Amerikaanse kerk versterk, wat wegkruip in ’n bomskuiling, iewers.

47 Maar ek wil vir julle iets sê, ek sal dit korrigeer, daar is geen bomskuiling vir hierdie bom wat hulle nou het nie, dit sal ’n gat in die grond skiet van ’n honderd vyf-en-sewentig voet diep, ’n honderd-en-vyftig vierkante myl. As jy ’n duisend voet in die grond ingegaan het, sou die skudding daarvan elke been in jou liggaam breek, daar is geen plek om hieronder weg te kruip nie. Maar ek wil hierdie kerk verseker vanaand, dat daar ’n plek vir die Kerk is, en ’n skuiling, dis nie van staal onder die grond gemaak nie, maar dis gemaak van vere: onder Sy vlerke, sal die Kerk veilig haar plek en haar posisie inneem. So dis die enigste skuilplek wat daar is. God het dit so gemaak, dat daar niks materieel is waarop ons ons hande kan lê nie, dis óf vertrou óf vergaan.

48 En ons groot nasie, soos dit ’n groot nasie is, die grootste in die wêreld. . . En ons is almal bang vir kommunisme, julle hoor al die programme. En ek het die voorreg gehad om ontbyt te eet nie lank gelede nie, saam met Vise President Nixon, en sy hele gesprek terwyl ons gepraat het, was kommunisme; ek was net ’n klein, holy-roller prediker, ek—ek het goed gevoel om langs hom te sit. Maar dit is nie kommunisme waaroor ons moet

bekommerd wees nie, dit is nie die rooiborsie wat aan die appel pik wat dit beskadig nie, dis die wurm in die middel wat die appel doodmaak.

49 En dit is nie kommunisme wat Amerika benadeel nie, dis ons eie verdorwenheid onder ons, ons onsedelikheid, en dinge, wat die ruggraat van hierdie volk breek. Moederskap is geskend, en die kerk het ten gronde gegaan. Al die groot dinge waarvoor ons gestaan het, die groot beginsels en dinge, het onder ons verrot, so dis ons eie sedes wat ons doodgemaak het, nie kommunisme, of enige ander volk nie. Sonde is 'n skande vir enige volk.

50 Moederskap en groot beginsels soos daardie is verbreek wanneer moeders 'n honderd dollar betaal vir 'n klein, snot-neus hondjie, verskoon daardie uitdrukking, en dit in die huis inneem, en dit 'n moeder se liefde gee, en rondry in 'n outomobiel, en geboortebeperking toepas; sou enige volk sink onder sulke goed soos daardie.

51 En ons polisie sal haar toelaat om te ontklee op straat en af te loop. Sulke dinge soos ongesensorde televisie uitsendings, van ou vulgêre vier of vyf keer getroude vroue, prostitute van hierdie volk, en die dogtertjies neem hulle as voorbeeld!

52 En ons winkels is gelaai met Davy Crockett en *Lone Ranger*. Wie was die Lone Ranger? Daar's—daar's negentig persent van die kinders in hierdie stad wat jou meer kan vertel van Davy Crockett as wat jou kan vertel van Jesus Christus. Dis reg. Sê my dan julle vrees kommunisme? Dis die duiwel wat julle behoort te vrees.

53 Wanneer die moeders hulle by die huis los, hulle by 'n baba-oppasser laat sit, en iewers buite in 'n kroeg drink, en dan met die vermetelheid om haar voet op 'n reling te sit en *God Seën Amerika* te sing, en sy is die grootste skande wat ons ooit gehad het. Ek's 'n Amerikaner en ek is lief vir my land, maar ek glo in ware Amerikanisme, nie hierdie goed wat ons vandag het nie, *sogenaamde* Amerikanisme, dit is verrot en verval reg onder ons, dis waar ons probleme lê.

54 Dis wat die probleem is vandag, omdat ons veilig gevoel het: "Wel, daar's geen volk wat ons kan verslaan nie!" Dis reg, maar daar's 'n God Wat ons eendag sal oordeel volgens Sy Woord en volgens Jesus Christus, en die manier wat ons Christus behandel het, daardie oordeel is voor die deur.

55 En hierdie kruispaaie, hierdie tekens, hierdie wonders en wonderwerke wat Hy gedoen het met die hande van Sy diensknegte, die Evangelie wat Hy gepreek het deur Jack Shuler, Billy Graham, Oral Roberts, en baie ander, en die dooies is opgewek, en die oë van die blindes is oopgemaak, dit is 'n teken dat ons aan die einde is. 'n Geestelike volk, sou dit tog seker verstaan! En ek, partykeer wonder ek.

56 Ek het gestaan, nie lank gelede nie, hier by Joseph Boze se kerk en 'n diens gehou, en Billy het vir my gesê toe ek ingekom het, hy het gesê: "Pappa, gisteraand toe Broer Osborn sy *Swart Goud* rolprent van Afrika gewys het, is hulle gevra om 'n—'n donasie te gee om hom in sy sendings te help." Gesê: "Ek het toevallig in die gehoor gestaan, en ek het hierdie sekere vroutjie gesien, arm aangetrek, 'n klein, tipiese Sweed, afgaan in haar sak en omtrent 'n honderd dollars uithaal en dit ingee om Broer Osborn te help," gesê: "ek het amper gehuil. Daardie arme vroutjie, waar sy genoeg geld sou kry om dit te gee, miskien uit haar karige inkomste?" Maar om die Evangelie te ondersteun, om by elke uithoek te probeer kom, want die einde is voor die deur.

57 Gesê: "Toe ek die gebou verlaat het daardie aand, die tweede aand, het sy gesê: 'Billy, skat, het jy 'n gebedskaartjie wat jy vir my kan gee?'"

Hy het gesê: "Mevrou, ek het nie, ek sal kyk of Gene en Leo enigiets oor het." Hulle het nie enige gehad nie. Hy het gesê: "Dame, ons het nie enige gebedskaartjies oor nie, hulle is almal uitgegee."

En sy het gesê: "Dis alles reg, skat, ek verstaan."

Hy het gesê: "Moeder, ontmoet my hier môre-aand, hieronder voor hierdie ry, ek sal sorg dat jy 'n gebedskaartjie kry."

58 Sy het gesê: "Goed, skat." En sy het weer self deur die gebou geloop. Net binne 'n paar minute het ek ingekom, en terwyl die ry begin het, en die groot Heilige Gees, teenwoordig, wat groot tekens en wonders wys, wat het gebeur? Die gedagtes en verstand onderskei, voorspel wat was en wat sal wees. Mense was verheug, en hulle is genees. En as jy besef, my vriend, dit is die laaste boodskap voor die Koms van die Here.

59 Wil julle vra, om hier by my onderwerp te stop vir 'n oomblik. Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag, en in die dae van Lot, so sal dit wees in die koms van die Seun van God." Nou, hierdie keer gaan dit nie water wees nie, dit gaan Vuur wees, hulle gaan hierdie geslag verbrand soos hulle Sodom en Gomorra verbrand het. Nou, hou die laaste boodskap dop aan Sodom en Gomorra.

60 Daar's altyd drie klasse mense: die ware, die uitverkorenes, die maagd; en die sondaar, die ongelowige; dis 'n gelowige, 'n ongelowige, en 'n skyngelowige. Elke stad het hulle, en elke kerk het hulle: ware gelowiges, en ongelowiges, en dan skyngelowiges. En ons het net baie van hulle.

61 En kyk, voor Sodom verbrand is, het die Engele van die Here, drie van hulle, afgekom na Abraham, wat die gelowige was, die Uitverkorene, en wat die ware Bruid was, die ware maagd wat Olie in die lamp gehad het. En Lot was daardie louwarme, en twee van die Engele het afgegaan om Lot daar te probeer uitkry, uit die sondaars en die ongelowiges.

62 En let op wat gebeur het, hou die aard van hierdie Engel dop: Toe hulle vertrek het, het Hy 'n teken vir Abraham gedoen, wat 'n einste tipe teken van vandag is. Hy het sy rug gedraai gehad na die tent. En almal van ons weet dat hulle gewag het vir 'n baba vir vyf-en-twintig jaar deur 'n belofte van God, en Abraham was honderd jaar oud, en Sara was negentig op daardie tyd. En Sara was agter die Engel, die Bybel het gesê sy was, sy was in die tent, en die tent was agter die Engel, en die Engel het gesê: "Sal Ek van Abraham die dinge weerhou wat gaan gebeur, siende dat hy die erfgenaam van die wêreld is?" En Hy het gesê: "Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe," die agt-en-twintig dae vir Sara: "en jy gaan hierdie baba kry waarvoor jy gewag het."

En Sara het, agter die Engel, binne-in die tent, geglimlag. En die Engel het gesê: "Waarom het Sara gelag in die tent?" Watter soort telepatie was dit?

En Sara het uitgekom en gesê: "Ek het nie gelag nie."

Hy het gesê: "Ja, jy het." Want sy was bang.

63 Onthou, daardie selfde Engel was God, toe Abraham aanbid het, en toe Hy weggegaan het, het hy gesê hy het met God gepraat, en die vertaling daar is *Elohim*, die Almagtige Jehova gemaak in 'n vorm van 'n man.

64 En God is gemanifesteer op die aarde in 'n Man, Jesus Christus, en het dieselfde dinge gedoen voor die vernietiging van die Jode.

65 En Hy is vanaand gemanifesteer in Sy Kerk, wat dieselfde ding doen voor die vernietiging van die Heidene; Sy besluit moet dieselfde wees elke keer. Wat Hy gister was, is Hy vandag, en sal vir altyd wees. Let julle dit op?

66 Daar was dit, die verwoestingstyd wat kom, en sonde wat ophoop aan elke kant. En God haat sonde. En hierdie volk in sy toestand van die verwerping van die einste dinge wat God gestuur het . . .

67 Let op, daar was eenkeer 'n man wat rus nodig gehad het, en hy het afgegaan na die see. Hy het nog nooit die see gesien nie, hy—hy het daarvan gehoor, so hy was op sy pad soontoe, hy het gesê Hy het 'n ou sout ontmoet wat terugkom, wat 'n matroos is, en die matroos het vir hom gesê: "Waarheen gaan jy, my goeie man?"

"Af see toe om my gemoed te laat rus, ek het dit nog nooit gesien nie." Hy het gesê: "Ek verlang om sy groot golwe te sien, en die soutwater te ruik, en die seemeeue te hoor."

En die ou sout het gesê: "Ek is gebore op die see, ek het dit vir veertig jaar gehoor, daar's niks opwindends daaraan vir my nie."

68 Julle sien, hy het dit net soveel gesien, daar was niks opwindends nie. Nou, Pinksterkerk, en julle almal, die res van

julle, dis wat fout is met julle vanaand, julle het soveel dinge van God gesien totdat dit te alledaags geword het vir julle, julle neem dit te ligtelik op, te ligtelik.

69 En hierdie vroutjie, terug na my storie, sy gaan op in die balkon, reken ek, en gaan sit. Toe die groot Heilige Gees onderskeiding gegee het, het Dit meteens gesê: "Die dametjie wat bo in die balkon sit op die hoek met die klein, geruite rokkie aan," gesê: "jy bid vir jou man wat op 'n sekere plek werk, en sy naam is *So-en-so*. En jy bid vir hom omdat hy doof is in een oor," maar gesê: "SO SPREEK DIE HERE: Hy's so pas genees." Sy het afgekyk na haar horlosie, gesien watter tyd dit was.

70 'n Paar uur later toe sy by die huis aankom, was haar man buite die deur aan die skree so hard as wat hy kon, hy kon hoor. Gesê: "Hoe laat het dit gebeur?"

71 Gesê: "Ek het op die stoel gesit net presies op 'n *sekere-sekere* tyd, en my oor het oopgegaan." Dis presies dieselfde minuut wat die Here God gesê het dit sou gebeur.

72 Daar was 'n arme, onkundige, gekleurde vrou, Neger, wat oorkant in die paadjie gesit en huil het, want sy kon nie 'n gebedskaartjie kry om op die platvorm te kom nie. En die Heilige Gees het oorbeweeg na waar sy was, en ek het daardie Lig oor haar sien staan, en Dit het vir haar gesê: "Dame, jou naam is *So-en-so,*" deur die Heilige Gees, het haar nog nooit in my lewe gesien nie, Dit was nie eers ek wat gepraat het nie, natuurlik nie.

73 En vir haar gesê, gesê: "Jy ly aan sirrose van die lewer, en jy het *sekere-sekere* siekte." En sy het amper flou geword. Dit was perfek, was nog altyd, en sal altyd wees. Sien? As dit God is, moet dit wees. Ek's nege-en-veertig jaar oud, dit het nog nooit gefaal nie, en dit kan nie faal nie. As—as, dit ek was, sou dit die eerste keer gefaal het. Maar God kan nie faal nie, want Hy's God, Hy kan enigiets doen behalwe faal.

74 En toe het Hy vir haar gesê, gesê: "Maar jou hoofsaak: Jy het 'n suster wat onder in Little Rock, Arkansas in 'n hospitaal is, 'n sielsieke gestig, was tien jaar daarin, heeltemal kranksinnig, wat haar kop teen die muur kap." En toe het sy net amper flou geword. Gesê: "Maar SO SPREEK DIE HERE: Sy het so pas tot haarself gekom."

75 En die volgende oggend, het die matrone haar ontslaan as 'n volmaakte geval, en sy het na Chicago toe gevlieg en getuienis gegee op die platvorm net die volgende aand.

76 En Chicago het net soveel whisky daarin vanaand as wat dit tevore gehad het, elke nagklub is oop, die vroue dra steeds kortbroeke, rook sigarette, en die kerk gaan voort in sonde net soos dit altyd het. Hoekom? Hulle voel hulle is veilig, omdat hulle aan 'n kerk behoort, omdat jy 'n Amerikaner is.

77 Broer Bosworth het gesê hy het 'n vrou gevra, eenkeer voor hy heengegaan het: "Is jy 'n Christen?"

Wel, sy het beledig gevoel, sy het gesê: "Ek sal jou laat verstaan ek brand elke aand 'n kers." Wat het 'n kers daarmee te doen?

78 En 'n ander een het gesê: "Is jy 'n Christen?"

Hy het gesê: "Ek sal jou laat verstaan, ek's Amerikaans." Wat het dit daarmee te doen? Net omtrent soveel soos 'n kers het.

79 Jy is nie 'n Christen totdat jy Christus aanvaar het en 'n nuwe skepsel gebore is deur die Heilige Gees nie, enigiets minder, is jy verlore. Jy mag Pinkster wees, vooroor gedoop, agteroor, *hierdie* kant toe, *daardie* kant toe, jy mag in die Gees gesing het, in tale gepraat het, gedans het in die Gees, wat jy ook al mag gedoen het, maar as jy nie waarlik gebore is uit God se Ewige Gees nie, is jy verlore. En as jy is, verklaar die vrugte van die Gees wat jy is: liefde, vreugde, vrede, lankmoedigheid, goedheid, sagmoedigheid, sagtheid, geduld in die Heilige Gees.

80 Veilig, o, hoe Babilon gedink het hulle was veilig, hulle het alles gehad, hulle het godsdiens gehad. So daar het 'n tyd aangebreek wat hulle vroue onsedelik geraak het, hulle mans gevoel gekry het, hulle predikers, by 'n plek waar hulle die enigstes op die strand was, daar was niemand behalwe hulle nie. En hulle het 'n—'n koning daaronder gehad, wat 'n moderne Elvis Presley was, 'n groot man, Ertjie-Plukker Ernie, of sommige van hulle, soos een van ons groot manne van vandag, *sogenaamd*, in Amerika. So hy het 'n groot ruk-en-rol partytjie gehou, en hy het al die vernames uitgenooi om te kom, en hy sou dit net 'n moderne ruk-en-rol hou.

81 En so, julle sien, daar's niks nuuts nie, dit het net 'n nuwe naam. Ou Charlie Barleycorn wat julle oumas, hulle altyd gesê het, is 'n ou voëlverskrikker met sy hoed afgetrek, wat graag daardie ou whisky en bier wil voel, hy was ou Charlie Barleycorn, broer, hy het 'n aandpak aan, noem. . . hy sit in 'n houer in elke yskas vandag, hy's in klas, maar hy's steeds dieselfde ou duiwel. Presies reg.

82 Hulle mag dit dalk nie 'n ruk-en-rol genoem het nie, maar dit was 'n ruk-en-rol. En hierdie groot man wat hulle in daardie dag gehad het, hy het gesê: "Ek gaan 'n groot partytjie hou, en ek gaan regtig een hou." So hy het al die soldate uitgenooi, en hy het die beste whisky en die bier gekry, wat hulle in die volk kon vind. En al die vroue het baba-oppassers vir hulle babas gekry, en—en almal van hulle het soontoe gekom om te dans met hierdie soldate. Hulle het 'n lekker tyd gehad, ek sou my voorstel hulle het 'n moderne televisie uitsending gehad. Al die versiersel wat afgang in die groot tuin, agter in die tempel het hulle die groot kerse opgesit en hulle het baie lig daaragter gehad. En, o, wat 'n moderne tyd het hulle gehad!

83 Ek kan my voorstel al daardie vroue wat hulle voete in die lug gooi, en skree: "Whoopee!" en hierdie dronk soldate, hulle het gedrink en gefuif, soos die Bybel gesê het hulle het.

84 En hulle sal dieselfde doen in hierdie tyd. Hoe verskil dit van ons Amerika vandag? Wat van al hierdie nagklubs, ensovoorts? En vyf-en-negentig persent van hulle is *sogenaamde* Christene. Dis presies reg.

85 'n Tyd gelede, ek het nie die tyd om dit te vertel nie, ek het in 'n hotelkamer ingehardloop, en daar was Sondagskoolonderwysers en almal wat daar gesit het, dronk, hulle kon nie mekaar help nie. Dis korrek.

86 Nou, en toe hulle hierdie groot partytjie gehad het, julle sien, niemand kon hulle pla nie, hulle het die beste wetenskaplikes in die wêreld gehad, hulle was beskerm deur mure van tweehonderd-en-vyftig voet hoog en tagtig voet breed, wagte wat oral staan, die beste strydwaens, die beste om te eet. Hulle het alles gehad, so waarom sou hulle bekommerd wees?

87 Wanneer mense so raak wanneer jy 'n plek kry waar jy nie 'n las op jou siel kan hê nie, jy 'n prediker op jou preekstoel kry wat sy hare so glad kan kam, wat sy mond sal oophou en knor en sê: "*Ah-man*," soos 'n sterwende kalf, en dan dink jy het een of ander soort styl, omdat hy 'n doktorsgraad het!

88 Ek sou liewer my familie daar laat sit, sou luister na 'n prediker wat nie sy ABC's geken het nie, wat nie gesplete ertjies van koffie kon onderskei nie, en die Here geken het as sy Verlosser, as al die groot vertoon, wat hulle daar aangehad het, en hulle aandpakke en omgedraaide krae. Sekerlik. Die duiwel is altyd vol daarvan, dis presies wat dit in die begin laat begin het, hy's steeds aan die beweeg.

89 Nou, ek wil hê julle moet net 'n bietjie verder oplet, terwyl hulle hierdie groot partytjie gehad het, hulle gedans en 'n lekker tyd gehad en hulle allerbeste Oertels se '92 gedrink het, wat hulle ook al in daardie dag gehad het, net afgewys, en hulle lekker tyd gehad, en gedans het, en alles. Hulle het nie geweet wat aangegaan het in die buitewêreld nie.

90 En hierdie volk het ook nie geweet wat aan die buitekant aangegaan het nie. Wat het gebeur by die Eerste Oorlog? Toe almal op hulle knieë gegaan, gebede opgesê, en gebid en gehuil het om die kêrels terug te bring. En waarmee het julle hulle trakteer toe hulle teruggekom het? Bier, whisky. Dis waarmee hulle in die eerste plek getrakteer is. Julle moes op julle knieë gewees, en God gedank, gesê het: "Hou ons uit die oorlog uit, Here." Wat 'n skande is dit! Wat 'n skande in die oë van God!

91 Nou let op, in plaas van die vroue wat hulle klere aantrek en optree soos dames, kyk hoe hulle gemaak het. In plaas daarvan dat mense terugkom kerk toe en God dien, wat doen hulle? Uit, aan die fuif, rondloop, drink, rook, allerhande onsin, gee niks

meer om vir God, en weet niks meer van Hom af, as wat 'n Hottentot sou weet van 'n Egiptiese nag nie, en tog maak hulle aanspraak om Christene te wees.

92 As jy 'n Christen is, sal jy so lewe, die vrugte van die Gees sal jou volg. As die Lewe van Christus in jou, sal jy die Lewe van Christus lei. Jy na 'n pampoenrank toe gaan, kry jy pampoene; jy na 'n wingerdstok toe gaan, kry jy druiwe. Jesus het gesê: "Ek is die Wynstok, julle is die lote."

93 Ons kom kerk toe, en wat kry ons? "My denominasie is beter as joune. Ons werk nie saam met daardie diens nie." Hmm! O, goeiste! Argumenteer, baklei, stry, dis nie Christus nie. Dit is beslis nie. Maar die dag waarin ons lewe!

94 En, o, ek kan hulle net 'n lekker tyd sien hê. En naderhand, omtrent soos party van ons radio of televisie komediante, of filmsterre, hulle wou 'n bietjie pret hê, 'n grap maak oor die kaalkop prediker, of iets, julle weet, iets waarvan hulle hou om met godsdiens te spot.

95 Soos mense, daardie kêrels kom hier uit, Elvis Presley, en maak 'n—'n klein album, een of ander soort godsdienstige diens, of een of ander soort godsdienstige lied, en gaan dan uit en sê hy's godsdienstig! Ruk-en-rol aan een kant, en godsdiens aan die ander kant. Jy kan nie bitter en soet water uit dieselfde fontein kry nie. Dis niks anders as 'n leuen van die duiwel nie. Daar's net een verskil tussen Judas Iskariot en Elvis Presley: Judas Iskariot het dertig silwerstukke gekry vir die verkoop van Christus, Elvis Presley was 'n Pinksterseun, hy het Christus uitverkoop en 'n vloot Cadillacs en 'n miljoen dollar gekry, dis die verskil.

96 En Ernie Ford, sing daardie liedere, en met 'n gesig lank genoeg om karringmelk onder in 'n melkemmer te drink, so heilig, en kom weer om, en sit sy arms om daardie vroue, en daardie goed. En hierdie Arthur Godfrey, en hulle, met daardie vuil, vieslike grappe. En julle mense luister na sulke goed soos daardie? En julle kinders neem dit as julle voorbeeld? Lees die Bybel en neem Christus as julle voorbeeld, en kom weg van daardie goed af, hierdie volk vergaan. Dis presies reg.

97 O, dis hoe hulle gemaak het in Babilon by daardie kruispad. Nou, hulle het—hulle het van beter geweet, want daar was 'n ware profeet van God in daardie land, hulle het 'n herlewing aan die gang gehad in daardie land, maar nie onder daardie klas nie.

98 So let op wat gebeur het, hulle het gesê: "Laat ons nou 'n grappie vertel."

99 En hierdie jong bedrieër het daar uitgekom en gesê: "Nou, ons sal net 'n bietjie pret hê met daardie holy-rollers. Julle weet, 'n paar jaar gelede, was daar 'n klomp holy-rollers gewees deur ons land," het hy gesê: "my vader, Koning Nebukadnésar, het hulle hiernatoe gebring, en kom ons gaan haal hulle voorwerpe en hê 'n bietjie pret."

100 O, broer, daar is 'n plek waar jy oor die skeidslyn kan tree tussen genade en oordeel, en ek is bang ons het dit gedoen, om die waarheid te sê, ek weet ons het as 'n volk.

101 En hulle het gegaan en die heilige voorwerpe van die Here gekry. Wat is 'n voorwerp van die Here? Wat die seëninge bevat, en dis Sy Kerk. Julle is voorwerpe van die Here. Wat het hulle gedoen? Hulle bespot. Uitgekom en wyn, whisky, of wat dit ook al was, daarin gegooi. En kom ons dramatiseer dit net—net 'n oomblik: Ek kan hierdie moderne kêrel, Elvis, sien, of waarmee ons hom vandag kan vergelyk, en hierdie moderne ruk-en-rol dans wat hy gedoen het, en daar was die soldate, en die vroue agter op hulle skote, en alles; en een of ander kinderoppasser, tuis, wat daarna kyk. Nou, hulle het hulle byvroue genoem, wat 'n wettige prostituut is.

102 Vandag is dit waarvan die nasie vol is, getroud en geskei, en getroud en geskei, en getroud en geskei. En omdat hulle 'n paar het . . . [Leë kol op band—Red.] . . . hulle mooi gebou noem, of wat ook al, een of ander mooi gesig, broer, hulle het afgode vir die volk geword.

103 Wel, was altyd dat ons na Parys toe moes gaan om uit te vind hoe om ons vroue te ontklee, nou kom Parys hiernatoe om ons te volg. Ek sal daaroor preek (Nee, ek sal nie tyd hê nie, een van hierdie aande, sal ek sê.), oor: *Die Inval Van Die Verenigde State, En Die Omverwerping Van Die Regering Deur Die Duiwel*, sien waar ons is. Een van die laagste wat daar in die wêreld is in daardie dinge, meer egskeidings in die Verenigde State as wat daar in die res van die wêreld saam is. Dis reg. Wat is dit? Dis hierdie eeu waarin ons lewe.

104 Maar die heeltyd, reg hierin, is daar 'n egte Heilige Gees herlewing aan die gang, julle behoort dit te sien. Dit word voor hulle oë geskud en hulle sien dit nie, maar God moet dit net stuur, in elk geval.

105 Nou, omtrent die tyd wat hy die glas in sy hand opgelig het, kan ek hom hoor sê: "Sê, julle weet daardie holy-rollers wat ons gehad het? Hier is ons, ons gaan 'n heildronk op hulle drink!"

106 O, broer, as dit nie 'n goeie televisie uitsending is nie! O, hulle dink dit sou die volk skud, dit sou; maar God skud ook 'n bietjie. So net toe hy gereed was om die heildronk te drink, voor jy jou kom kry, het hy net gekyk, uit die Hemel het daar 'n Man se hand gekom, en daar was 'n groot gepleisterde muur, en die kerse, nie buite in die donker nie, maar reg in die lig, het 'n Man se hand afgekom en geskryf: "MENÉ, MENÉ, TEKÉL, UFARSÍN," geskryf op die muur.

107 Ek kan hierdie moderne grapmaker daar sien staan met . . . en sy oë het weer uitgepeul op sy wange, sy knieë teen mekaar geklap, hy was uitmekaar geskud. O, daar gestaan en kyk, die Bybel het gesê sy knieë het teen mekaar geklap. Daar sal 'n

uitmekaar skud wees een van hierdie dae. Uitmekaar geskud! Wat was dit? Daar het iets gebeur wat hy nog nooit tevore gesien het nie. Hy het gedink hy het al die leërs aan die buitekant gehad; maar God kyk af uit die Hemel. En daardie Man se hand het begin skryf.

108 En ek kan die soldate sien, wat net dans saam met hierdie vroue, en mans daar, en hulle vroue by die huis, wat oor die vloer loop met 'n siek baba, hulle daarbuite met 'n ander vrou in hulle arms, net 'n moderne Amerika wat 'n lekker tyd het, wat dans en hoera.

109 En meteens het daar iets gebeur, en hulle het begin kyk na hulle leier. En hulle het uitgevind. . . Hulle het oorkant na die muur gekyk, en die handskrif was aan die muur. God het ingetree.

110 So ek kan die koning hoor sê: "Hierdie moet godsdienstig wees, ons sal nog 'n album skryf," soos party van ons sangers, en party van ons komediante vandag.

111 So hy het uitgestuur en die biskop gekry, en die aartsbiskop, al sy waarsêers, en raadgewers, hy het gestuur en die distrikspresbiters gekry, en al die Doktore van Godsgeleerdheid, en hy het hulle almal ingebring om hierdie handskrif te lees. Wat het gebeur toe hulle daar gekom het? Hulle het nog nooit enigiets van praat in tale, onbekende tale gesien nie. Hulle is nooit enigiets daarvan geleer nie, hulle het niks daarvan af geweet nie, so hoe kon hulle die gawe van uitleg hê? Dit was by die kruispad van die eerste Heidene. En daar was 'n onbekende taal teen die muur, niemand het nog ooit enigiets daarvan gehoor nie, maar dit was op die muur geskryf in 'n onbekende taal.

112 En hierdie predikers het gesê: "Ons weet niks van die bonatuurlike af nie."

113 Dis hoe dit vandag is, jy praat van Goddelike genesing en die krag van God, negentig persent van hulle weet niks meer daarvan af as niks nie. Al wat hulle ken is hulle ou, koue, stywe teologie wat opgemaak is deur mense. O, dis 'n verskriklike dag waarin ons lewe! En mense gaan vergaan, en hulle wil nie daarna luister nie.

114 Daar is dit, dit is op die muur geskryf, en hulle kon dit nie verstaan nie. So hulle was baie ontsteld, die hele klomp van hulle, predikers en almal.

115 Maar daar het die koninginnetjie ingekom. Wat was die koningin? Sy was nie by hulle ruk-en-rol partytjie nie, sy moes in 'n biduur gewees het iewers saam met die profete. Sien, sy was nie daar nie, want die Bybel het gesê sy het in die partytjie ingekom op daardie tyd. En sy het na die koning toe gehardloop, en sy het gesê: "O, Koning. . . " Nou dit verteenwoordig die Kerk, die Koningin, die Bruid van die Koning. Ingehardloop gekom, gesê: "O, Koning, moenie so geskud wees nie, en moenie ontsteld

raak nie, want hierdie Doktore van Godsgeleerdheid kan nie die bonatuurlike lees nie, maar daar is 'n man wat dit kan lees wat in jou koninkryk is."

116 En ek is so bly vanaand, dat daar 'n Man is, daar Een is wat die bonatuurlike verstaan, Hy is die Here Jesus Christus, die verwaarloosde Een wat in ons midde is, Hy ken die bonatuurlike.

117 En hulle het gestuur en vir Daniël die profeet gekry. En hy het ingekom, en hy het gesê hy sou dit lees, want hy het die gawe van uitleg gehad. So hy het die onbekende taal begin uitlê en vir die koning gesê wat gaan gebeur.

118 Die koning het gedink hy was veilig beskut, maar hy het dit die heeltyd nie geweet nie, 'n Goddelose volk soos Rusland. . . Nou onthou, die profeet was nie in Mede en Perse nie, hy was in Babilon, die groot ruk-en-rol was aan die gang in Babilon, waar die herlewing ook aan die gang was, waar die profeet was en die boodskap was.

119 Maar die heeltyd, het die Mede en Perse, net so Goddeloos en harteloos soos Rusland is, 'n manier gevind, hulle het ook 'n paar wetenskaplikes gehad, en hulle het verby die Eufraatrivier gegaan.

120 En vandag, toe ons gedink het ons het dit alles gehad, en reg in die middel van ons ruk-en-rol, en boegie-woegie, en ons ontkleedanse op die straat, in die openbaar. . . Jy hoef nie meer na die teater toe te gaan nie, hulle is op straat, ontkleedanseresse, dis al wat hulle is, moderne ontkleedanseresse op die straat, aangetrek soos Isébels, wat hulleself Christene noem; en die handskrif is aan die muur.

121 Daar's 'n sputnik wat in die lug opgaan, en ons kan nie daarmee kompeteer nie. O, ons het een opgestuur, dit het drie voet van die aarde af op—van die aarde af opgegaan en uitgebrand. En ons kan opkyk vanaand en vind dat daar 'n groot sputnik om die aarde sirkel. En in Rusland, net een ekstra slukkie vodka, en ons kan in as opgaan voor die oggend.

122 Billy Graham het 'n tyd gelede gesê in sy uitsending: "Daar is nie een ding wat Amerika keer om 'n satelliet van Rusland te word, binne enige vyftien minute vanaf die tyd wat hulle dit wil doen nie." Wat's die probleem? Ons het veilig gevoel, het ons nie? Maar ons het God uitgelaat. Ons—ons het ruk-en-rol aangeneem, en al die soort moderne vermaak, en goed, en God uit die prentjie gelaat, en die handskrif is in die lug.

123 Die Bybel het gesê: "Daar sal tekens bo in die hemele wees." Ons het pierings, vlieënde pierings, wat die Pentagon nie eens kan dink aan wat hulle is nie, geheimsinnige gesigte in die hemele, op aarde, see wat dreun, vloedgolwe, aardbewings op verskillende plekke, allerhande goed wat gebeur, en die Kerk, louwarm, hulle kan nie eens deur 'n diens sit nie. Wat is die probleem? Dis omdat die Bybel vervul moet word. Die handskrif

is aan die muur, Amerika! En Rusland, as hulle wil. . . Julle weet hulle wys nooit hulle beste nie, ons ook nie.

124 Maar ons het dit laat kom by hierdie plek met ons sonde en moderne lewenswyse. En sonder gebed in die kerk, wat afkoel en weggaan, het ons dit by hierdie plek laat kom. Hulle. . . Wat as hulle sou stuur omtrent. . . ? Hulle het 'n ton-en-'n-half, of twee ton, bom daarbo nou, of satelliet, ons kan hulle nie raak met geen missiel nie, daar is niks wat ons daaraan kan doen nie. Hulle kon 'n paar van daardie waterstofbomme kry, reg oor die Verenigde State beweeg en sê: "Gee oor of word as!" Hulle kan dit binne die volgende vyftien minute doen.

125 Wat sou ons doen? Wel, die enigste verstandige ding wat daar is om te doen, is om oor te gee. Die Pentagon sou oorgee, die volk sou oorgee. Wat sou dan gebeur? Reg in ons dronk deurmekaarspul, soos nog 'n Pearl Harbor, groot skeepsvragte van goddelose manne, Russiese soldate, vliegtuie vol van hulle, reg in ons huise inkom en die vroue gryp, hulle verkrag, die koppe van hulle babas stukkend slaan in die straat, julle huis oorneem en julle uitskop. Wat gaan julle daaraan doen?

126 Alles omdat ons nie die handskrif aan die muur, en die Koms van die Here Jesus Christus gesien het nie! Luister, broer, dit kan in die oggend gebeur. En as dit so naby is. . . Hoeveel hier wat koerante lees en verstaan dat dit in die oggend kan gebeur en ons dit nie kan help nie? Steek jou hand op. Sekerlik.

127 Wel, as dit in die oggend kan gebeur, en die Kerk gaan Huis toe voor dit gebeur, hoe naby is die Koms van die Here? O! Julle gaan my 'n holy-roller noem, in elk geval, julle mag. . . Ek voel godsdienstig. Luister, die Here kan enige oomblik kom, ons is by die kruispad, die tekens, die wonders, die handskrif, die sputniks, vlieënde pierings, alles, die kerk wat afkoel. Ons is aan die eindtyd. Wat gaan jy daaraan doen, vriend? Moenie luister na "dat hierdie 'n sprokiesverhaal is nie," dit kom vanaf SO SPREEK DIE HERE.

128 Net ter afsluiting, wil ek dit graag sê: Moenie op wetenskaplikes vertrou nie, wetenskaplikes kom van die verkeerde kant af, hulle het in die begin, hulle doen dit nog steeds, die slimmes en geleerdes kom van die verkeerde kant af. Dis die nederiges van hart wat van God se kant af kom, nie hulle wat Ph.D. het nie, ek sê nie hulle kan nie wees nie, ek sê dit nie, maar die meerderheid van hulle kom van die ander kant af met 'n sosiale evangelie.

129 Ons glo in 'n outydse Evangelie wat red van sonde en jou anders laat lewe, en jou vol vreugde en geluk maak, en wat uitsien na die Koms van die Here. God, wees julle genadig, Greenville, Suid-Carolina. God, wees julle genadig, word wakker, ons is aan die eindtyd. Hier is dit, die handskrif

aan, nie aan die muur nie, maar in die lug, God het gesê dit sou wees, en daar is sy. Dit kan op enige tyd gebeur.

130 Luister, en wees nou stil net 'n oomblik, ek het die voorreg gehad om Indië te besoek net onlangs, waar ek my grootste diens in getalle gehad het. Daar was omtrent daar, kon nie inkom nie, omtrent—omtrent vyfhonderdduisend. As gevolg van die genesing van 'n blinde man, het ek soveel na Christus toe sien kom, dit was—dit was ver verby die dertigduisend van Afrika.

131 Maar toe ek ingekom het, het ek daardie koerant opgetel, en dit het gesê: "Die aardbewings moet verby wees," gesê: "want die voëls kom terug." En ek het gegaan om die artikel te lees, ek het dit nou in my besit, en dit lui so: dat omtrent 'n dag voor hulle die aardbewing gehad het. . . In Indië, het hulle nie heinings van draad soos ons het nie, hulle heinings is groot, hoë heinings gemaak van klip; baie van hulle geboue is gemaak van klippe wat hulle optel en opmekaar sit.

132 En die voëltjies gaan in daardie skeure in die rotse in en bou hulle neste. En langs die groot mure in die beesvelde, die beeste kom in die middag en staan langs daardie muur om in die skaduwee te wees, en hulle staan langs daardie muur om bymekaar te kom en uit die warm son uit te kom.

133 Maar 'n dag, luister, vriende, 'n dag voor die aardbewing plaasgevind het, het al die voëltjies uitgevlieg en hulle neste verlaat, het uitgegaan in die middel van die velde, en in die bosse gaan sit; en al die beeste en skape het weggekom van die mure af, en uitgegaan in die middel van die velde, en teen mekaar gestaan om skaduwee vir mekaar te gee.

134 Wat het vir hulle gesê daar sou 'n aardbewing kom? Dieselfde God wat hulle lank gelede in die ark ingelei het. En hulle het daar gebly vir twee dae, totdat die aardbewings verby was, en toe het hulle weer begin terugkom. Hulle het geen geleerdheid gehad nie, hulle kon nie lees en skryf nie, maar hulle is skepsels van God wat op Hom moet staatmaak.

135 Ek probeer nie my onkunde ondersteun deur te sê jy. . . Ek sê nie jy behoort nie geleerd te wees nie, maar geleerdheid was die grootste hindernis wat die Evangelie ooit gehad het. Broer, moenie staatmaak op jou geleerdheid, op jou vereniging, op jou nasie, op jou kerk nie, maak staat op God en laat Hy jou lei.

136 Luister, vriende, laat ek julle vandag vertel, as God die voëls kon waarsku om weg te vlieg van gevaar uit daardie mure, die skape en die beeste kon waarsku om weg te kom langs daardie mure, hulle sou val, hoeveel te meer kan hy 'n man of 'n vrou wat na Sy beeld gemaak is?

137 Luister, vriende, laat ek julle weer sê, luister hierna en maak seker dat julle dit nie mis nie: Al julle mense hier, elkeen van julle, kom weg van hierdie moderne mure van Babilon af, hierdie kerke en dinge wat leer dat die dae van wonderwerke verby is, en

daar glad nie so-iets is soos regte godsdiens van die hart nie. Kom weg van hierdie moderne mure af, hulle gaan val en verkrummel, hardloop vinnig in die middel van God se genade in en roep uit na Jesus Christus.

Daar is 'n Fontein gevul met Bloed,
Getrek uit Emmanuel se are,
Wanneer sondaars gedompel onder die vloed,
Al hulle skuldvlekke verloor.

138 Sal julle net 'n oomblik op julle voete staan? O God, wees genadig! Hardloop mense, maak gou, maak gou, kom by Christus uit so gou as wat julle kan. Kom weg van hierdie moderne mure van hierdie formeelheid. Gaan in die middel van God se genade in, vinnig. Al julle Baptiste, Metodiste, Pinksters, Nasaréners, Pelgrim Heiligheid, Katoliek, almal van julle, kom weg van hierdie moderne kerkmure af. Jy voel asof jy veilig is omdat dit 'n groot kerk is, niks daarteen nie, maar, broer, tensy jy in Sy genade gevind word, bedek met Sy goedheid en Sy krag, wat sal dit jou help?

139 Ek voel gelei om dit te sê net voor afsluiting, terwyl ons ons hoofde net 'n oomblik buig. Onlangs . . . Niemand beweeg nie, asseblief. Onlangs, was daar 'n man, omtrent honderd jaar gelede, met die naam van Danny Greenfield, moderne Amerikaanse evangelis. Hy het gedroom dat hy gesterf het, en toe hy het, het hy gedink hy het opgegaan Hemel toe, hy het by die deur gekom. En terwyl hy daar by die deur was, het die opsigter uitgekom, en gesê: "Wie is jy wat hierdie heilige plek nader?"

Gesê: "Ek's Danny Greenfield, die Amerikaanse evangelis."

Gesê: "Ek sal sien, meneer, of jou naam op die Boek is." En hy het na die Boek gekyk, daar was geen naam soos dit nie. Hy het uitgegaan en gesê: "Meneer, jou naam is nie op hierdie Boek nie, jy moet van die hek af weggaan."

Hy het gesê: "Meneer, ek's 'n evangelis."

Gesê: "Ek kan nie help wie jy was nie." Gesê: "Ek sorg net vir hierdie Boeke, en jou naam is nie op die Boek nie."

Gesê: "Wat kan ek doen?"

Gesê: "Jy kan jou saak appelleer voor die Groot Wit Troon Oordeel."

Hy het gesê: "As dit al is wat ek kan doen, sal ek dit doen."

140 En gesê hy het deur die ruimte begin beweeg, en hy het vinniger en vinniger gegaan, en toe het hy begin stadiger gaan toe hy in die Lig gekom het. Die Lig het van geen sekere plek af gekom nie, maar toe hy reg in die middel Daarvan gekom het, het hy gestop. Gesê: "O, wat 'n Plek om te wees!"

En hy het 'n groot Stem gehoor, wat gesê het: "Daniel Greenfield, waarom kom jy na My oordeel toe?"

Hy het gesê: "Ek is weggewys by die hek, en die enigste ding wat ek kon doen, Meneer, was om my saak hier voor U te appelleer."

Gesê: "Goed, jy sal geoordeel word volgens My wette." Hy het gesê: "Daniel Greenfield, het jy ooit 'n leuen vertel?"

Hy het gesê: "Ek het gedink ek was 'n eerbare man, maar ek het geweet dat daar 'n paar dinge was wat ek gesê het wat nie waar was nie." Gesê: "Ja, Here, ek het gelieg."

Hy sê: "Het jy ooit gesteel, Daniel Greenfield?"

Hy het gesê: "As daar enigiets is wat ek gedink het ek was, sou dit eerlik wees." Maar hy het gesê: "In die Teenwoordigheid van daardie Lig, het ek baie klein transaksies onthou wat ek gedoen het wat skelm was."

141 Nou kyk, vriend, net nou hier op aarde, hoe jy nou voel, jy mag dink dis alles reg, maar in die Teenwoordigheid van daardie Lig eendag, sal daar baie dinge wees wat jy nou dink reg is, wat dan verdag sal wees.

Hy het gesê: "Ja, Here, ek het gesteel."

Hy het gesê: "Daniel Greenfield, My wet vereis volmaaktheid! Was jy volmaak, Daniel Greenfield?"

Hy het gesê: "Nee, Here, ek was nie volmaak nie."

Hy het gesê hy het geluister om daardie groot Stem te hoor wat sou sê: "Gaan weg van My, jou verskriklike persoon!"

142 En gesê hy het toe gehoor, die soetste Stem wat hy ooit gehoor het. Geen moeder se stem is soos daardie Een nie, vriend. En hy het na sy regterkant toe gedraai om te kyk, hy het gesê hy het die liefdevolste gesig gesien wat hy ooit gesien het. Geen moeder se gesig het soos daardie een gelyk nie. En gesê Hy het tot naby hom geloop, Sy arm om hom gesit, en Hy het gesê: "Vader, dit is waar dat Daniel Greenfield nie volmaak was in sy lewe terwyl hy op aarde was nie, maar daar's een ding wat Daniel Greenfield gedoen het toe hy op aarde was: hy het vir My gestaan. So Hier, terwyl hy Hier is, sal Ek vir hom staan."

143 Ek wonder vanaand, vriend, as jy staatmaak op jou kerk om vir jou te staan op daardie dag. Maak jy staat op een of ander ondervindinkie wat jy vir jou gaan laat staan in daardie dag? Wie sou vir jou staan? Ken jy Hom? Sal Hy vir jou staan? Staan jy nou vir Hom, dan sal Hy dan vir jou staan.

144 Nou, met julle hoofde gebuig, en ek bid dat julle opreg is, almal hierbinne wat graag wil sê: "Dierbare God, ek's op my voete vanaand, want ek staan vir U, en ek wil hê U moet vir my staan op daardie Dag. Ek het probeer om 'n ordentlike vrou of ordentlike man, seun of meisie te wees, maar ek wil regtig hê U moet vir my staan, Here. Ek steek nou my hand op as 'n teken dat

ek wil hê U moet vir my staan, terwyl ek vir U staan." Sal julle julle hande opsteek?

145 God seën julle, regoor die gebou. Letterlik vyf- of seshonderd, miskien meer as dit, wat wil hê Christus moet vir hulle staan. Neem julle julle standpunt in, Christus sal Syne inneem op daardie dag. Daardie soet, sagte Stem, wanneer die stryd, jy teen 'n sterwenskussing druk, en die—die pols verdwyn, en die koue are koel af in jou hande, en die stryd is in jou keel, en die dokter wegstap en sy kop skud, sal daar Iemand wees wat 'n standpunt inneem, om vir jou te staan, as jy dit regtig bedoel.

146 Buig julle hoofde. Net binne 'n oomblik, gaan ek vir Joseph vra om hiernatoe te kom en ons in gebed te lei. Terwyl julle julle hoofde gebuig het, bedoel dit nou regtig, met julle hele hart, bid, terwyl ek die diens oorgee aan Broer Joseph Boze.

58-0618 Handskrif Aan Die Muur
Tekstiel Saal
Greenville, Suid-Carolina V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org